
VAN PASGA
TOT PINKSTER

**Ons is vandag in die bevoorregte posisie om van byna 2000 jaar van kerk geskiedenis deel te kan wees.**


**Ons vier vandag Pinkster, wat die dag van die uitstorting van die Heilige Gees en die begin van die Christelikke Kerk was.**

**Vandag kyk ons terug na iets wat byna 2000 jaar terug gebeur het, en nogsteeds deel van ons daaglikse lewens is.**

Die gebeure van die Paasfees tot die uitstorting van die Heilige Gees is nie per toeval nie.

Alles is deel van God se perfekte raadsplan vir ons verlossing van ons sonde en vir die gawe van die Gees en van ons ewige lewe, deur Jesus Christus.

# PAASFEES





Jesus is op hulle Paasfees (Pasga) gekruisig

# -ISRAEL-

**Hulle Pasga is 'n fees in herdenking van wat God vir hulle gedoen het op die dag toe Hy hulle uit Egipte gely het en die doodsengel oor elkeen se huis laat gaan het wie bloed van 'n lam aan hulle deur kosyne geverf het.**

# -CHRISTENNE-

**Jesus vervul die redding van Sy mense deur die vlekkelose lam te wees en Sy bloed te stort dat ons sondes vergewe kan wees en ons nie die dood sal sien nie, maar die ewige lewe sal hê**

**JESUS IS DIE VLEKKELOSE LAM en ons vier vandag Paasfees in herdenking vir wat Hy 2000 jaar terug aan die kruis vir ons gedoen het.**




# WETTE

**Fees van Weke (SHAVUOT) vs**

**PINKSTER (50 dae na Paasfees)**

**Jesus stort Sy Heilige Gees uit op hulle Fees van Weke (Shavuot)**

# -ISRAEL-

**50 dae nadat die Here die Jode uit Egipte uitgely het deur die rooi see het Hy vir hulle wette gegee op Klip tablette.**

**50 dae na hulle die bloed van 'n lam aan hulle deur kosyne geverf het en die Here hulle uit hulle slawerny uitgelei het.**

# -CHRISTENNE-

**50 dae na Jesus Sy bloed gestort het om ons van ons sondes (ons slawerny) te bevry, gee Hy Sy Gees in die harte van die gelowiges. Hy skryf nie die wet op klip tablette nie, Hy vervul die wet en Hy word die wet, en Hy woon in ons harte en skryf die wet nou op ons harte.**

**50 dae nadat Jesus Sy bloed gestort het om ons uit die slawerny van sonde te bevry, het Hy Sy Heilige Gees uitgestort op die gelowiges.**

**🔥Hy het soos tonge van vuur op hulle gekom, soos God Sy teenwoordigheid in 'n vuur in die brandende bos, op berg Sinai, in die aand oor die Tabernakel 'n vuur kolom, wys God dat Hy teenwoordig is in hulle deur tonge van vuur oor hulle te wees.**

# Matteus 5:17

**“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry."**

# Hebreërs 8:9-12


"9Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met
hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle
aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie,
want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het
hulle verwerp, sê die Here. 10Dít is nou die verbond wat
Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek
sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal
Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my
volk wees. 11Dan hoef niemand meer sy medeburger te
leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie.
Hulle almal, klein en groot, sal My ken. 12Oor hulle
ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle
sondes nooit meer dink nie."

# TABERNAKEL





(Eksodus 25:8) “Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. 9Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het.”



**PLEK:**

Die Tabernakel was die heiligdom onder die volk waar God in Sy Heiligheid by hulle kan wees.

**TOEGANG:**

Net die hoëpriester kon eenmaal per jaar, op Versoendag by die tabernakel se Allerheiligste ingaan om vir die volk se sondes versoenning te vra met die bloed van 'n vlekkelose lam wat hulle geoffer het.

**GOD SE TEENWOORDIGHEID:**

Het op die verbonds ark tussen die gerubs gerus

**REINIGING:**

Die volk moes diere offer om in hulle plek te sterf vir die sondes wat hulle gedoen het.

God se teenwoordigheid was in 'n fisiese struktuur by die volk.

Nadat Jesus vir ons sondes op die kruis gesterf het en ons van ons sondes bevry het, en vir ons die nuwe verbond gee deur die wet op ons harte te skryf, is Sy teenwoordigheid nie meer in die Tabernakel of in die Tempel nie...

Sy teenwoordigheid woon nie meer in ’n fisiese tabernakel of tempel van klip nie, maar in ons, Sy kinders.

**PLEK:**

**Ons is nou Sy lewende tabernakel**, Sy heilige woning — en deur die **Heilige Gees** werk en leef Hy in en deur ons.

**(1 Korintiërs 3:16) "16Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?"**

**TOEGANG:**

**Alle gelowiges** het nou vrye toegang tot God deur
Jesus Christus

**(Hebreërs 10:19-22) "19Broers, ons het dus**
**nou deur die bloed van Jesus vrye toegang**
**tot die heiligdom, 20en dit op 'n weg wat nuut**
**is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir**
**ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is**
**deur sy liggaam.**

21En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die
huis van God het, 22laat ons tot God nader met 'n
opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons
harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en
ons liggame is gewas met skoon water."

## GOD SE TEENWOORDIGHEID:

Rus op elke gelowige – die **Heilige Gees woon in ons** en lei ons

**(Johannes 14:15-17) "15“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."**

**REINIGING GEDOEN**:

Die offer van Jesus het ons **volledig gereinig** – geen herhaalde offers nodig nie

**Lees asb (Hebreërs 10:10-25)**

**Met die uitstorting van die Heilige Gees bevestig Jesus nie net Sy opstanding en Sy koningskap nie – Hy bevestig dat die werk van verlossing voltooi is.**

**Hy vervul die wet, Hy volbring die offer, Hy open die toegang, en Hy kom woon nou in ons.**

**Die Heilige Gees is nie net ‘n bewys van God se teenwoordigheid nie – Hy is die lewende teenwoordigheid van Christus in ons:**

- **Hy lei ons,**
- **Hy leer ons,**
- **Hy herinner ons aan alles wat Jesus gesê het,**
- **En Hy maak ons heilig – nie deur uiterlike wette nie, maar deur innerlike oortuiging en goddelike krag.**

**Net soos die wolk die tabernakel gevul het, so vul die Gees nou ons lewens. En net soos God in die middel van Israel se kamp gewoon het, so woon Hy nou in die middel van ons gemeenskap – in elke hart wat aan Hom behoort.**

**Dus: laat ons Hom eer as Koning.**

Laat ons die Gees toelaat om in ons te werk – om ons nie net vry te maak van sonde nie, maar om ons te vorm na die beeld van Jesus.

Laat ons wandel soos mense in wie God woon – heilig, nederig, en vol vuur.

**Want Jesus is die vlekkelose Lam, die volmaakte Hoëpriester, en die Lewende Woord wat nou in jou hart skryf… en Hy sal jou nooit verlaat nie.**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS